# Klein Lochieland

## Nuusbrief Graad R en RR

*Lourensrivierweg / Posbus 124*
*STRAND*
*Tel: 021-8548592*
*E-pos:*
*adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za*

2026-05-29

Liewe Ouers



**KLEIN LOCHIELAND "FLEECY TOPS"**
Ons verkoop steeds donkerblou "fleecy tops" vir die kleuters met die Klein Lochieland logo op teen R280-00 per "top". Die volgende groottes is beskikbaar:
3-4 jariges
5-6 jariges
7-8 jariges
9-10 jariges
Daar is voorbeelde om aan te pas. Betaling kan by Lize-Mari by die ontvangskantoor gedoen word.

## GRAAD R-INLIGTING:

**VERPLIGTE OOGTOETSE (SLEGS GRAAD R)**
Die Eendjie- en Beertjieklas kleuters word op **Donderdag 4 Junie** getoets **en op Donderdag 11 Junie** word die Vissie- en Hasieklas kleuters se oogtoetse gedoen. Die kostes is die minimale bedrag van **R110 per leerder** en moet reeds betaal wees. Indien u kind onlangs getoets is deur 'n oogarts of oogkundige moet bewys van die toetsing aan die onderwyseres gelewer word, asb.

| | | |
|---|---|---|
| Ons volgende tema is: | **MY LAND** | |
| Ons persepsies: | Getal: | **Hersiening** |
| | Klank: | **Hersiening** |

Assesserings:

**Klankherkenning en lettervorming**
**Potloodgreep**
**Probleemoplossing, kolkaarte en getalherkenning van 1 tot 6**
**Getalname van een tot ses**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 1 Junie: | Skep jou eie vlag |
| Dinsdag | 2 Junie: | Ons maak 'n Suid-Afrika boekie met al ons nasionale simbole |
| Woensdag | 3 Junie: | Ons hersien klanke en getalle |
| Donderdag | 4 Junie: | **OOGTOETSE vir die EENDE- en BEREKLAS** |
| Vrydag | 5 Junie: | ***Aantrekdag: Enigiets tradisioneel of iets wat Suid-Afrika voorstel*** |

## GRAAD RR-INLIGTING:

**UITSTAPPIE: VREDENHEIM DIEREWERF - VRYDAG 12 JUNIE**

Om by ons Plaasdier-tema aan te pas, gaan ons op Vrydag 12 Junie die Vredenheim Dierewerf besoek. Ons maak gebruik van Eljosa Busdiens om die kleuters te vervoer. Kostes beloop R250-00 per kleuter wat die ingangsfooi by Vredenheim en die busvervoer insluit. Die uitstappie kan op die D6 betaal word. Laaste dag vir betaling sal **Vrydag 5 Junie** wees.

| | | |
|---|---|---|
| Ons volgende tema is: | **PLAASDIERE** | |
| Ons persepsies gaan wees: | Kleur: | **Swart** |
| | Vorm: | **Hersiening** |
| | Getal: | **9** |
| | Klank: | **t-klankie** |

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 1 Junie: | Ons maak 'n skapie |
| Dinsdag | 2 Junie: | Ons maak 'n hoender |
| Woensdag | 3 Junie: | Ons teken 'n varkie |
| Donderdag | 4 Junie: | Ons maak 'n koei |
| Vrydag | 5 Junie: | ***Laaste dag vir Vredenheim-uitstappie se betalng*** |

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel